Touwerk

"'n Knoop is óf presies reg óf hopeloos verkeerd."
- Clifford W. Ashley

Doelwit: *Om vir die Verkenner praktiese vaardighede deur middel van touwerk aan te leer.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
5. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Kennis aangaande knoopwerk bied aan die Verkenner die geleentheid om praktiese oplossings vir alledaagse situasies soos voertuig sleep en 'n vrag agterop 'n bakkie vasmaak, te vind. Die Verkenner kan ook sierknope gebruik om byvoorbeeld armbandjies, hangertjies of spandrag te maak. Deur die vermoë om alledaagse uitdagings die hoof te bied, ontwikkel die Verkenner tot 'n selfversekerde landsburger. Die kursus gee ook geleentheid vir leierskap ontwikkeling en die beoefening van Christenskap in alle situasies.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Projek gebonde	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Vertroud wees met die grondstowwe waaruit toue vervaardig word (**vier** natuurlike tipes en **vyf** sintetiese tipes).*
2. *Vertroud wees met die eienskappe van verskillende soorte tou (**vier** natuurlike tipes en **vyf** sintetiese tipes).*
3. *Vertroud wees met die vervaardiging van tou (gedraaide en gevlegte tou).*
4. *Vertroud wees met die terminologie ten opsigte van touwerk.*
5. *'n Tou kan versorg deur:*
   - *5.1 Die tou te beset.*
   - *5.2 Terugsplitsing en oogsplitsing te doen met gedraaide tou sowel as met hol sintetiese tou (ski-tou).*
   - *5.3 'n Tou af te wind deur:*
     - *5.3.1 Die tou op te rol (sonder dat die tou draai).*
     - *5.3.2 Die halterriemknoop te gebruik.*
     - *5.3.3 Die kettingsteek te gebruik.*
6. *Knope wat onder spanning geplaas is, op die korrekte metode kan losmaak.*
7. *Die volgende knope se doel en aanwending (toepassing) ken en fisies kan maak (aandag moet aan alternatiewe of modifikasies vir sintetiese toue gegee word):*
   - *7.1 Skuifknoop en skuifstrik.*
   - *7.2 Skenkelknoop.*
   - *7.3 Voorslagknoop en dubbele voorslagknoop.*
   - *7.4 Maswerkslag.*
   - *7.5 Kniehalterslag en dubbele kniehalterslag (knypsteek).*
   - *7.6 Vissersknoop.*
   - *7.7 Booglynknoop.*
   - *7.8 Boeieknoop.*

7.9 Brandweerslag (rowerknoop).
7.10 Timmersteek.
7.11 Trensknoop.
7.12 Bobbejaanvuis.

8. *Die volgende vaswoele kan maak:*
   8.1 Kruisvaswoel.
   8.2 Driepootvaswoel.
   8.3 Rygvaswoel.

9. ***Een** van die volgende items kan maak en gebruik:*
   9.1 Toubrug waar gebruik gemaak word van 'n middelmansknoop of 'n vlinderknoop om die brug te span.
   9.2 'n Reddingsbrug waar gebruik gemaak word van 'n middelmansknoop of 'n vlinderknoop om die brug te span.
   9.3 'n Bakkie se vrag verseker deur gebruik te maak van 'n timmersteek waar nodig en 'n middelmansknoop of vlinderknoop.

10. ***Een** van die volgende kan bou:*
   10.1 'n Standaard vlot (in spanverband).
   *10.2 Minstens **twee** kampgeriewe waar gebruik gemaak word van vaswoele (moet bruikbaar wees).*

11. ***Een** van die volgende vleg:*
   *11.1 'n Sweep met minstens **vier** vlegstringe (minimum 800 mm lank).*
   11.2 'n Net wat uit minstens 200 steke bestaan (hangmat).
   11.3 Enige macrami-artikel.

12. ***Een** van die volgende kan doen:*
   *12.1 Teen 'n tou of paal opklim met behulp van 'n pruisiese lus (minstens **3** m hoog).*
   12.2 Teen 'n muur of krans op- en afklim sonder om van moderne bergklimtoerusting gebruik te maak (klimmer moet met 'n booglynknoop met behulp van een hand beveilig word).